


# DR. ELLIOT SHEVEL

Dr. Elliot Shevel, stigter van The Headache Clinic, staan al die afgelope twintig jaar bekend as die man wat migraine kon onderkry.

DEUR **CHERICE SMITH**

**Wou jy altyd 'n dokter word?**
Ek het van kleins af geweet ek wil 'n dokter word, maar ek het nooit gedroom dat ek nuwe behandeling vir migraine sou ontwikkel wat internasionaal aanvaar is nie. Ek is gekwalifiseer in tandheelkunde en medies, maar het in kaak-gesig-en-mondchirurgie gespesialiseer. Dié kombinasie het my die geleentheid gegee om migrainelyers te help.

**So wat presies is jou teorie oor migraine?**
My teorie, waarvoor daar nou wetenskaplike bewyse is, is dat die pyn nie afkomstig is van die brein nie, maar van die strukture *buite* die skedel. Die Suid-Afrikaanse en Italiaanse regerings het finansieel gehelp dat ek navorsing kon doen om my teorie te bevestig.

**Hoekom het jy The Headache Clinic gestig?**
Dit is in 1992 gestig nadat ek toevallig 'n suksesvolle behandeling ontwikkel het vir spierspanningpyn, wat 'n belangrike komponent is van migraine. Daarna het ek geen keuse gehad as om voort te gaan nie!

**Wat presies doen julle by The Headache Clinic?**
Ons spesialiste identifiseer en behandel al die moontlike bydraende faktore van 'n migraine, soos sinusprobleme, sooibrand en baie ander. Ons doel is om van pille ontslae te raak. Die nuwe behandelinge behels terapie met 'n binnensmondse prostese, asook slagaar-, spier- en senuwee-chirurgie.

**Jy het onlangs by die World Congress of Controversies in Neurology in Oostenryk 'n debat oor migraine teen van die wêreld se top migrainespesialiste gewen. Wat beteken dit vir jou?**
Ek hoop dit sal die begin wees van 'n beter begrip van hoofpyn en migraine. Ons is reeds leiers in dié veld by The Headache Clinic en ons doel is om dit só te hou.

**Hoe bly jy aan die voorpunt van jou veld?**
Ek aanvaar niks wat ek nie maklik kan verstaan nie, en ons is deurentyd besig met navorsing om nuwe behandelingmetodes te ontwikkel.

**Jy werk en reis baie. Hoe behou jy 'n balans?**
My lewe is hoegenaamd nie gebalanseerd nie, dis vir my 'n obsessie om my kennis te versprei.

**Maar wat doen jy dan om te ontspan?**
Vir my en my vrou, Shirley, is die geselskap van goeie vriende die lekkerste ontspanning. Ek hou ook van kreef duik en ek gaan met elke geleentheid wat ek kry, Kaap toe (ek woon in Johannesburg).

**Wat is die hoogtepunt van jou loopbaan?**
Die ontwikkeling van 'n chirurgiese behandeling vir migraine, asook die jongste ontwikkeling, 'n chirurgiese behandeling vir troshoofpyn. Ook elke keer wanneer ek 'n brief van 'n dankbare pasiënt kry. **m**

**TEN SLOTTE**
**Ek lees jy kan baie tale praat...**
**Ek leer tale in my motor met CD's. Buiten Engels en Afrikaans het ek 'n redelike kennis van Zoeloe, Tswana, Sotho, Duits, Nederlands, Frans, Spaans, Portugees, Italiaans, Grieks, Hebreeus en Turks – en ek leer nou Chinees. Dit maak dit makliker om verhoudings met oorsese kollegas te ontwikkel en pasiënte voel meer ontspanne as ek hulle taal praat.**

**FOTO** DEBBIE YAZBEK